



# WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

## NG KERK RANDBURG

Week van 2 Junie – Psalm 97

**Stil word en aanbidning:** Gesels met mekaar oor julle ervaring van die viering van Hemelvaart en die betekenis daarvan vir julle as Jesus-volgelingen. Hoe lyk 'n lewe van blydschap? Dink na oor die gedagte dat God jou al voor die skepping liefgehad het.

**Woord:** Die boek Psalms in die Bybel, word in vyf bundels onderdeel: Ps. 1-41; 42-72; 73-89; 90-106 en 107-150. Die vierde bundel van die Psalmboek (Ps. 90-106) vertel van God wat reg deur al die eeue getrou gebly het aan Israel, ondanks die ontrouheid en ongehoorsaamheid van die Dawid-koningshuis en die volk. Die liedere fokus verder op die feit dat ons selfs in tye van swaarkry, soos die ballingskap, vreugde in die Here kan vind vanweë die feit dat Hy as die Koning oor die hele aarde regeer. Die Here se koningskap word op 2 maniere in Ps. 97 beskryf: eers in beeldryke taal as 'n kosmiese gebeure beskryf (die aarde juig, die afgeleë eilande is bly; wolke en duisternis omring Hom, vuur gaan voor Hom uit; sy weerligstrale verlig die wêreld; berge smelt soos was voor Hom); tweedens word die Here se koningskap beeldryk as 'n kommunikasie gebeure beskryf (die hemel verkondig sy geregtigheid sodat al die volke sy Majesteit kan sien). Lees Psalm 97.

### Gesprek

1. Wat is die hooftema van die psalm? Watter terme word gebruik om te wys hoe God regeer?
2. Die Psalm begin en eindig met blydschap. Gesels oor die idee van blydschap. Wat is die rede vir blydschap in die psalm? Praat met mekaar wat dit beteken om soos vers 12 sê: "In die Here bly te wees." Waardeur word dit bepaal?
3. Die Psalm is 'n oproep tot blydschap en vreugde – vir die eenvoudige rede dat die Here reg sal laat geskied. Maar dis meer as net dat Hy sal kyk dat dinge reg loop, die vreugde lê ook in die feit dat die Here magtig en sterk is. Dit is juis in hierdie mag wat ons troos is. *Vertel vir mekaar van 'n tyd van vertwyfeling in jou lewe en watter troos daarin geleë is dat die Here steeds regeer.*
4. Probeer julle indink in die omstandighede van die volk in ballingskap en dat hierdie psalm in verse 10-12 vir hulle nuwe moed en hoop wil gee. God ontferm Hom en sien om na sy weerlose kinders wat slagoffers van geweld, uitbuiting en onreg is (vers 10) en dat die Koning uiteindelik reg sal laat geskied. Hoe moet Jesus-volgelingen in die tyd na Pese en Hemelvaart leef, wetende dat Jesus regeer?

**Doen dinge :** As gelowiges behoort ons prioriteite in lyn te wees met God se prioriteite van reg en geregtigheid. Hoe lyk dit as reg en geregtigheid ons prioriteit word? Dink aan voorbeelde van onregverdigheid, onreg en ongeregtigheid in julle omgewing. Maak 'n lys van maniere waarop julle regverdigheid, reg en geregtigheid in julle omgewing kan najaag.

**Afsluiting:** Bid vir mekaar ... dat ons getrou sal wees as Jesus se getuies in ons elke dag-lewe.